# Seejol Verkennerkamp

# SEEJOL 2023
# "DIE DEINING"

## KAMPBRIEF VIR VERKENNERS EN OFFISIERE

**ELKE VERKENNER (SEEJOL-MATROOS) EN OFFISIER:**

**BAIE WELKOM BY *DIE VAART* VAN *VTS SEEJOL 2023 WAT VANJAAR WEER IN DIE JUNIEVAKANSIE PLAASVIND*!**

Die Tansvaalse Voortrekkers gaan vanjaar, soos die afgelope 33 jaar, weer op Hartenbos kamp. Voortrekkers van die Vrystaat, die Kaap én Natal kamp vanjaar weer saam! Geniet ***Die Vaart*** en onthou, ***Die Vaart*** kan slegs 'n sukses wees as elke bemanningslid sy/haar kant bring en saamwerk.

Lees hierdie inligtingstuk asseblief noukeurig deur. Let asseblief op na 'n paar **belangrike SKEEPSREËLS**.

*Seejolgroete*

**Koos Stofberg**
**SKEEPSKAPTEIN: VTS SEEJOL**

**1. KAMPDOEL**

- Om aan lede van die Voortrekkerbeweging 'n geleentheid te bied om teoretiese en praktiese kennis van die kusomgewing, see, seestrande en riviermondings as deel van die skepping van God op te doen ten einde optimale benutting en bewaring daarvan te bevorder.
- Om in 'n ontspanne vakansie-atmosfeer 'n seekamp te hou wat terselfdertyd bevorderlik is vir gesonde mensontwikkeling.

**2. KAMPWAARDES**

- Ons werk in 'n span
- Ons ondersteun mekaar
- Ons praat met mekaar en nie van mekaar nie
- Ons vertrou mekaar
- Ons wys mekaar tereg, maar in liefde en aanvaarding
- Ons doen ons plig
- Toets my optrede daaraan of dit vir die Here aanneemlik is (Ef. 5:10,11)

**3. KAMPDATUM: 23 Junie – 2 Julie 2023**

**4. KAMPTEMA:**

*"Seejol... bou ons toekoms in 2023!"*

## 5. ORGANISASIE VAN DIE VAART

**SEEJOL 2023: KAMPRAAD**

| | | |
|---|---|---|
| **1.** | **Skeepskaptein (Kampleier)** | Koos Stofberg |
| **2.** | **Skeepskantoor (Kampsekretaresse)** | Retha Knoetze |
| **3.** | **Skeepstesourier (Finansies)** | Magdaleen Snyman |
| **4.** | **Offisier van die dag** | L J de Vos |

**5. Divisieleiers:**

**Kursusse:**

**VM** Stefan Hattingh
**GM** Bertie Eimer
**KM** Megan Dyssel
**GR** Marli Duvenhage
**SI** Lydia Botha
**BB** Willie van Zyl
**KD** Marius Snyman
**DD** Jody Pelser
**DK** Marliza du Plessis
**DH** Mauritz Meiring

**Steundienste:**

**Logistiek** Ben van Wyk
**Busmeester** Jody Pelser
**Kombuis** Gauldie van Wyk
**Siekeboeg** Elize vd Westhuizen

## 6. KURSUSSE (Divisies)

**LET WEL: Seejol se kursusse is watergebonde. Die vermoë om te kan swem is ’n vereiste vir ‘Snorkelduik’, ‘Seeroeikunde’, ‘Branderry’ en ‘Selfbehoud’.**

**Gr 8: Seekunde (Voormas VM) [& Kuswag]**
**Gr 9: Strandstudie (Grootmas GM) [& Grotte]**
**Gr 10: Strandvernuf (Kruismas KM) [& Natuurbewaring]**
**Gr 10 – 12: Soutwaterhengel (Sinkers SI) [& Rotshengel]**
**Gr 10 – 12: Kampkommunikasie (Griffiers GR) [& Fotografie]**
**Gr 11 – 12: Branderry (Branderbrekers BB) [& Waterveiligheid]**
**Gr 11: Selfbehoud (Kwartdek KD) [& Staptogte]**
**Gr 11 – 12: Snorkelduik (Die Duikers DD) [& Waterveiligheid]**
**Gr 11 – 12: Seeroeikunde (De Kotters DK) [& Waterveiligheid]**
**Jong volwassenes: Seekunde (Dekhande DH)**

## 7. TERMINOLOGIE

**Alle skeepsterminologie is as ’n aanhegsel hierby aangeheg; maak seker dat jy, voordat jy op *Die Vaart* vertrek, die terminologie ken en verstaan om enige verwarrings uit te skakel.**

## 8. SKEEPSREËLS

1. Daar word van elke Matroos en Offisier verwag om kennis te neem van die inhoud van die gedragskode en dit met inskrywing te bevestig.
2. Die omgewing het mooi plant- en seelewe en is ’n bewaringsgebied. Kom ons hou dit so.
3. Niemand mag strand toe gaan sonder die Offisier van die Dag of Divisieleier se toestemming nie. Na ligte-uit is die strand taboe!
4. Ons haal **geen** lewendige spesies uit die see nie.
5. Moenie skulpe of seegras in jou tas bêre nie. ’n Lang terugreis lê voor!
6. Waardevolle items kan by die Skeepskantoor ingehandig word vir bewaring**. Dit sluit selfone in.**
7. Alle **eie medisyne** moet na aankoms op die skip by die Siekeboeg ingehandig word. Maak seker van jou mediesefondsnommer indien jy dit mag nodig kry of bring ’n afskrif van jou mediesefondskaartjie saam. **Seejol mág nié medikasie aan enigiemand verskaf nie. Indien jy medikasie benodig, sal ons jou ouers kontak, en die medikasie per voorskrif vir jou kry.**
8. Elke divisie gaan ’n Marsleier verkies. Hy/sy woon daagliks die Marsleiersvergadering by. Gee aan jou Marsleier die nodige ondersteuning.
9. Kom ons respekteer mekaar se privaatheid deurdat seuns en dogters uit mekaar se baksdekke (tente) bly.
10. Onthou ons gaan elke dag baksdekinspeksie hou. Die grondbeginsels van higiëne berus op netheid. Help asseblief deur jou baksdek netjies te hou.
11. Respekteer mekaar se persoonlike eiendom.
12. Verlore eiendom moet by die Skeepskantoor ingehandig word.
13. Hou ons galjoene (kleedkamers) skoon en netjies.
14. Bespaar water. Moenie onder ’n lopende kraan was nie. Draai die stort toe terwyl jy seep smeer en stort gou klaar. Onthou, baie ander wag vir ’n beurt om te stort. Storttyd – 3 minute maksimum!!
15. Enige elektroniese apparaat is ’n veiligheidsrisko vir diefstal, so laat dit eerder tuis of handig dit in vir veilige bewaring. Selfone kan by die skeepskantoor ingehandig word vir die herlaai van batterye.

16. Die Skeepskombuis is **buite perke.** JAMMER! Vir versoeke: gesels met die Skeepskantoor.
17. Reageer asseblief stiptelik op die program, oral aangebring.
18. Teenwoordigheid by seremonies en ander byeenkomste is vir almal verpligtend.
19. Almal neem deel aan die aandprogramme.
20. Die dagprogram is vol. Voldoende nagrus is nodig. **DAAROM: STILTE EN SLAAP NA LIGTE UIT!**
21. Slegs die Kaptein verleen toestemming dat iemand Die Skip mag verlaat.
22. Geen alkoholiese drank en/of dwelms en items van seksuele aard, word op die skip toegelaat nie.
23. Rokers: ’n Dringende versoek: los rookgoed asseblief by die huis – dit is net ’n week. Geniet liewers die vars lug. Geen voorsiening word vir rookgewoontes op die skip gemaak nie.
24. Kampeerders neem kennis dat in geval van ‘n oortreding / vermoedelike oortreding, sy/haar besittings deur lede van die kampdagbestuur deursoek kan word.
25. Indien gevind word dat ‘n kampeerder hierdie reëls oortree, kan hy/sy aan die Voortrekkers se dissiplinêre proses onderwerp word.
26. Die Skeepskaptein se kajuit (nie die gewone Skeepskantoor vir administrasie nie) is altyd beskikbaar vir ’n gesprek, ’n probleem, ’n onrustigheid – maak gebruik daarvan. Ons luister graag en help waar ons kan!
27. ’n Lid van die bemanning wat nie aan die redelike versoek van die Skeepskaptein gehoor gee nie, sal versoek word om tydens die betrokke aktiwiteit diens op Die Skip te verrig.
28. Hierdie kampreëls is in lyn met die Grondslag, Wese en Voortrekkerkodes en moet saam met die Gedragskode vir Jeuglede of Offisiere gelees word.

## 9. INSKRYWINGS VIR SEEJOL 2023

***Alle inskrywings geskied weer vanjaar elektronies, MAAR deur SAS. Om op SAS in te skryf moet jy ’n geregistreerde lid wees.***

**Die ‘skakel’ is: [http://skryfin.voortrekkers.co.za/](http://skryfin.voortrekkers.co.za/)**

**Kontak die kampraad indien jy probleme met inksrywings het:**
**seejol@voortrekkers.org.za**

***Nie-Voortrekkers wat saam wil gaan kamp, moet die kampleier kontak om reëlings te tref:*** **koosstofberg@gmail.com**

**Kampgelde:**

| | |
|---|---|
| **Matrose** | **R2 950,00** |
| **Diensdoende Offisiere in alle divisies** | **R1 150,00** |
| **Volwassenes in die Skeepskombuis** | **R500,00** |
| **Seeskilpadjies** | **R500,00** |

**Indien jy nie met die bus NA die kamp ry nie, kan jy R170,00 van jou kampgeld aftrek.**
**Indien jy nie met die bus VANAF die kamp ry nie, kan jy R170,00 van jou kampgeld aftrek.**

**Kampgelde moet direk in Seejol se rekening inbetaal word. Gebruik ’n eie unieke verwysing (bv. jou naam en van) wanneer jy die inbetaling doen. Laaste datum vir inbetaling van kampgelde: 31 Mei 2023. Seejol se bankbesonderhede:**

**Naam: Seejol**
**Bank: ABSA (632005)**
**Rekeningnommer: 4062270138**

**Sluitingsdatum vir inskrywings: 31 Mei 2023 om 16:00**

**Laat-inskrywings:**
Soos gemeld sluit die inskrywings stiptelik om **16:00 op Dinsdag 31 Mei 2023**. Laat inskrywings sal op meriete hanteer word.

**Foto’s van *Die Vaart* 2023:**
Kampfoto’s gaan op die web gelaai word waar enigeen dit kan gaan aflaai. Die ‘skakel’ sal aan alle kampeerders gestuur word na afloop van die kamp.

**Seejol T-hemde en Gholfhemde:**
Daar is vanjaar weer ’n kamp **langmou T-hemp** beskikbaar teen R160,00. (Dis ‘n soortgelyke hemp as in die verlede.) Jy kan kies vanaf ’n “klein” tot “5 ekstra-groot”. Jou inskrywingsvorm maak hiervoor voorsiening, indien jy sou belangstel. Betaal jou T-hemp saam met jou kampgelde.

Daar gaan vanjaar ook weer ’n **gholfhemp** beskikbaar wees teen R210. Jy kan kies vanaf ’n “klein” tot “5 ekstra-groot”. Jou inskrywingsvorm maak hiervoor voorsiening, indien jy sou belangstel. Betaal jou gholfhemp saam met jou kampgelde.

**Vliegtuie:**

**Ons verkies dat jy bus ry om gees te bou, maar *indien* jy per vliegtuig na George Internasionale-lughawe en terug sou reis:**

VTS Seejol sal jou kosteloos op George Internasionale-lughawe oplaai mits jy teen **14:00 op 24 Junie 2023** op die lughawe sou wees; **dit beteken ook dat jy geduldig moet wag** indien jy reeds vroeër op die lughawe is.

**Vir enige ander aankomstye sal VTS Seejol 'n vervoerfooi van R100,00 per persoon hef om 'n bemanningslid te laat oplaai!**

VTS Seejol sal 'n bemanningslid kosteloos op George Internasionale-lughawe besorg op **Saterdag 1 Julie** om **11:00** die oggend, vir een van die vlugte na OR Tambo Internasionaal wat **na 12:00** vertrek.

**Géén persoon sal op 'n *ander* tyd na die lughawe geneem kan word nie!**

## 10. OP DIE VERTREKDAG – Vrydag 23 Junie 2023 – 18:00

Meld aan by die busse by ***Waterkloof Hoërskool*** tussen **16:30 en 17:30** sodat die busse gelaai kan word**. Busse vertrek teen 18:00.** Gaan direk na jou Divisie se bus (plakkaat op busvenster) vir registrasie en waar jy aangesê sal word waar jou bagasie gelaai moet word.

**Vir bemanning wat langs die pad opklim – (ons ry tot op Kroonstad, en weer na Bloemfontein, op die N1):**
**Oplaaitye (*ongeveer*):**
**McDonalds by Beyers Naudéweg: 18:50-19:00 (Vrydagaand)**
**Vaal Plaza Truck Stop: 20:10-20:20 (Vrydagaand)**
**Kroonstad Shell UltraCity: 21:30-22:00 (Vrydagaand)**
**Welkom [McDonalds by Goldfields Mall]: 22:45-23:15 (Vrydagaand)**
**Bloemfontein Engen Suid: 00:45-01:15 (Vrydagnag/Saterdagoggend)**

Maak seker dat jou bagasie **DEEGLIK GEMERK** is. Hieronder volg 'n tabel waarvolgens jy jou bagasie moet merk. Gebruik 'n lint wat om die handvatsel/strop van jou bagasie gebind word, asook 'n etiket met jou naam daarop en, indien moontlik, jou selnommer.

| **Divisie** | | **Lintkleur** |
|---|---|---|
| Gr 8: Voormas (Seekunde) | **VM** | Geel |
| Gr 9: Grootmas (Strandstudie) | **GM** | Oranje |
| Gr 10: Kruismas (Strandvernuf) | **KM** | Seegroen (turkoois) |
| Gr 10 – 12: Sinkers (Soutwaterhengel) | **SI** | Groen |
| Gr 10 – 12: Griffiers (Kampkommunikasie) | **GR** | Grys |
| Gr 11 – 12: Branderbrekers (Branderry) | **BB** | Neon groen |
| Gr 11: Kwartdek (Selfbehoud) | **KD** | Swart |
| Gr 11 – 12: Die Duikers (Snorkelduik) | **DD** | Rooi |
| Gr 11 – 12: De Kotters (Seeroeikunde) | **DK** | Blou |
| Volwassenes | | Maroen |
| Offisiere se bagasie word met Maroen gemerk en óók in die Divisiekleur waar hy/sy betrokke is | | |

## 11. *SLEGS VIR VOLWASSENES WAT SAAM GAAN KAMP*

Daar sal 'n **oriënteringsvergadering** gehou word op **Saterdag 3 Junie 2023** te Dirkie Uys Voortrekkersentrum (Deystraat, Nieuw Muckleneuk) vanaf **14:00 tot 17:00**. Elke **volwasse lid** wat *Die Vaart* meemaak, **MOET** hierdie vergadering bywoon. Na die vergadering hou ons 'n lekker bring-en-braai om gees te vang vir die kamp. [Slaapplek word gereël vir dié wat van vêr kom.]

## 12. KONTAK EN NAVRAE

Navrae kan op die volgende maniere hanteer word:

1. Stuur 'n e-pos na seejol@voortrekkers.org.za

***OF***

2. Gaan op die Seejol se "Facebook"-blad en gesels daar met ons, ons sal jou verseker antwoord.

*"Nou, Hou Koers dan tot ons weer ontmoet!"*
*"Jol, jol, lekker Seejol . . ."*

## WAT PAK JY IN VIR SEEJOL?

1. ‘n **Kospakkie** vir die pad. Die busse stop NIE vir die aankoop van kos langs die pad nie!
2. Bybel.
3. Slaapsak, kussing en grondseiltjie/“survival bag” vir jou tent (wat voorsien word), want die sand is nat en koud in die aand. Die meeste divisies gaan slaap uit gedurende *Die Vaart*, so maak seker jou grondseil kan dien as skuilingmateriaal om ’n skuiling mee te bou.
4. Notaboek en skryfgoed.
5. Persoonlike medikasie – word ingehandig by die Siekeboeg vir veilige bewaring.
6. Sakgeld – daar is ’n snoepie (Die Kantien) op *Die Vaart*.
7. Bordesakkie, sponsie en afdroogdoek of alternatiewelik: ***papierborde, plastiese messe, vurke en lepels*** – dis makliker om net weg te gooi en dis meer higiënies.
8. Flits en ekstra batterye.
9. Swemklere, handdoek en sonbrandmiddel.
10. Smuksakkie met als om jou mee skoon te maak.
11. Dagsakkie met jou kospakkie en ’n waterbottel – wat jy op die bus neem saam met jou slaapsak en kussing vir die rit.
12. **EEN** tas of ”duffel bag” per persoon vir al jou persoonlike besittings - BEHOORLIK gemerk. **ASSEBLIEF: GÉÉN KRATTE NIE – DIT MAAK DIE PAK VAN DIE BUSSE MOEILIK.**
13. Gemaklike skoene, tekkies en/of plakkies/”crocks” vir al die baie aktiwiteite op *Die Vaart*.
14. Aktiewe Voortrekkerdrag – verpligtend vir uitstappie Vrydag/Saterdag.
15. Gemaklike klere vir die dag.
16. GENOEG warm klere vir die aande.
17. ’n Reënbestande baadjie – daardie tyd van die jaar is dit reënseisoen in die Suid-Kaap.
18. **Jou Divisieleier sal jou kontak indien daar enige addisionele items is wat moet saam kom op *Die Vaart*. Indien jy niks hoor nie, is daar niks ekstra om saam te neem nie**.

## AANHANGSEL – SKEEPSTERMINOLOGIE / SKEEPSTERME

**Ons vaart het sy eie terme. Kom ons leer dit asseblief aan!**

| | |
|---|---|
| **Die kamp** | Die Vaart |
| **Kampleier** | Skeepskaptein |
| **Kampsekretaresse** | Skrywer |
| **Offisier aan diens** | Offisier van die Dag |
| **Offisier van wagbeurte** | Onder-offisier van die Dag |
| **Kursusleier** | Divisieleier |
| **Kursusgroep** | Divisie |
| **Kursusaanbieders** | Offisiere |
| **Jeugleiers** | Marsleiers |
| **Verkenners** | Matrose |
| **Seekunde kursusgroep** | Voormas (divisie) |
| **Strandstudie kursusgroep** | Grootmas (divisie) |
| **Strandvernuf kursusgroep** | Kruismas (divisie) |
| **Kampkommunikasie kursusgroep** | Griffiers (divisie) |
| **Soutwaterhengel kursusgroep** | Sinkers (divisie) |
| **Branderry kursusgroep** | Branderbrekers (divisie) |
| **Selfbehoud kursusgroep** | Kwartdek (divisie) |
| **Snorkelduik kursusgroep** | Die Duikers (divisie) |
| **Seeroeikunde kursusgroep** | De Kotters (divisie) |
| **Kampbeveiliging kursusgroep** | Die Wagte (divisie) |
| **Administrasie** | Skeepskantoor |
| **Noodhulp** | Siekeboeg |
| **Voorrade** | Logistiek |
| **Snoepie** | Skeepskantien |
| **Stiltetyd** | Bewuswording |
| **Gaan uit die kamp** | Gaan aan wal |
| **Gaan in die kamp** | Gaan aan boord |
| **Hek** | Loopplank |
| **Ablusieblokke** | Galjoene |
| **Slaaptent** | Baksdek |
| **Verkenner eettent** | Matrosebak |
| **Vlagpale** | Mas |
| **Seremonie-area/terrein** | Kwartdek |
| **Saal** | Hoofdek |
| **Offisiere tente** | Kajuite |
| **Offisiere eettent** | Offisierebak |
| **Links** | Bakboord |
| **Regs** | Stuurboord |
| **Voorkant van die skip** | Voorkasteel |
| **Agterkant van die skip** | Agterstewe |
| **Kampblad** | Skeepsjoernaal |
| **Kombuis** | Skeepskombuis |
| **Luidspreker** | Bootmanspyp |
| **Offisiere in opleiding** | Dekhande |